


2025/12/07
Heilig - Jy is belangriker as wat jy dink!

"Wanneer ek opkyk na die naghemel en ek sien die werke van u vingers, die maan en sterre wat U in hulle plekke geplaas het, wat is die mens dat U aan hom dink, die mensdom dat U vir hulle omgee? U het hom ʼn bietjie minder gemaak as hemelse wesens, en hom gekroon met roem en eer" (Psalm 8:4-6, NLV).

Jou waarde word bepaal deur wie jou afsonder, nie deur hoe jy lyk nie.

"Ek het jou by jou naam geroep. Jy behoort aan My" (Jesaja 43:1, NLV).

Wat is ʼn heilige mens?

1. ʼn Heilige mens is ʼn mens met ʽn goddelike identiteit

"God het die mens in ooreenstemming met Homself geskep; volgens sy eie beeld het God hulle geskep; manlik en vroulik het Hy hulle geskep" (Genesis 1:27, NLV).

2. ʼn Heilige mens het ʽn goddelike doel

"…want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe" (Efesiërs 2:10, NLV)

3. ʼn Heilige mens is ʼn mens wat verander word na die gelykenis van God

"Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hý wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is" (Romeine 12:2, NLV).

"Wanneer ek opkyk na die naghemel en ek sien die werke van u vingers, die maan en sterre wat U in hulle plekke geplaas het, wat is die mens dat U aan hom dink, die mensdom dat U vir hulle omgee? U het hom ʼn bietjie minder gemaak as hemelse wesens, en hom gekroon met roem en eer" (Psalm 8:4-6, NLV).